

BOEKBESPREKING.

Dr. H. Th. Obbink, De Godsdienst in zijn Verschijningsvormen. Tweede Druk. J. B. Wolters' Uitgeversmaatschappij. Groningen, 1947.

Die eerste druk van hierdie vakkundige werk, welbekend in teologiese kringe ook in ons land, het in 1933 verskyn om te voldoen aan 'n dringende vraag in die teologiese studie. 'n Tweede opplaag van die werk is voldoende getuie van die waardering wat daarvoor ontstaan het.

Die Godsdienwetenskap is een van die jongere takke van die teologie en het reeds sy bestaan geregverdig. Een van die eerste beoefenaars van hierdie wetenskap en die grondlegger daarvan in Nederland, was wyle Prof. Obbink. Sy persoon en werk was ook vir die ontwikkeling van die Reformatoriese Teologie in Suid-Afrika van groot betekenis. 'n Wetenskaplike van wêreldformaat, het hy sy stempel afgedruk op etlike van die leidende figure op die gebied van ons eie teologie, wat nog persoonlik onder sy leiding studeer het. Sy belangstelling vir kerk en volk van Suid-Afrika was eg en standhoudend. Maar ook die wetenswaardighede van ons lands-bodem het sy wetenskaplike belangstelling geniet en in die werk hier onder bespreking, o.a. op bladsye 90 en 175, word onder die behandeling van die religieuse motiewe by die primitiewe volkere tot groeppvorming, ook ingeskakel die inisiasie-gebruike van die Afrikaanse inboorling. Sy oorsig oor inisiasie-rites en die uiteensetting oor die sin daarvan, sal die wetenskaplike hier te lande prikkel tot nader ondersoek na die nog steeds duisrere „ripa“-gebruike van bv. die noord-Transvaalse natuurlike stamme. Hier pas miskien 'n woordjie van klag dat wat die aangewese laboratoria van Afrikaanse wetenskaplikes is, nl. die religieuse en stam-gebruike van ons natuurlikebevolking, nog steeds so onbewerk lê. Hier is 'n ryke skat van bykans onbewerkte kennis vir die godsdien-

wetenskaplike, die volkekundige en selfs die beoefenaar van die vergelykende taalkunde. Die studie sou vereis 'n deeglike kennis van minstens die twee vernaamste natuurlike tale, t.w. Zulu en Sesotho. Daar dien op gewys te word dat die vinnige proses van ontstamming hierdie ondersoeksgebiede weldra vir goed sal toesluit sodat daar haas by die aanpak nodig is. Nog te veel word die naturel in ons land net besien as 'n sosiale en rasse-probleem.

Hierdie werk van Prof. Obbink wil in die eerste plek 'n handleiding by die studie van die godsdienswetenskap wees. Die inleidende hoofstukke is vir die rede daarop toegespit om 'n heldere uiteensetting te gee van begrippe soos magie, ethos en kultuur en dit dan in hul verhouding tot die godsdiens. Die materiële behandeling bring die leser telkens weer terug tot die besef dat die begrips-wêreld van die primitiewe mens wa-wyd verskil van die van ons westerlinge. Die oorsig oor die primitiewe opvatting van die oorsake en betekenis van die dood (bls. 44 vv.) sal dit al dadelik illustreer.

Deur die toeligtig van tal van bybelse gegewens teen die agtergrond van algemene godsdiensstige praktyk by die natuurvolkere, word die waarde van die vergelykende godsdienswetenskap vir die Bybelse Eksegese van nuuts af duidelik. Bv. die gebruik van die vaste volgens die Ou Testament, in die vroeë Christendom en in die Roomse Kerk, word aangetoon as 'n wêreldwye religieuse verskynsel waaraan mana-voorstelling ten grondslag lê. Hieruit moet verklaar word onthouding aan bepaalde voedselsoorte by sulke verskillende mense as swanger vroue, soldate, roubedrywendes en priesters. In die geval van treurendes het die vaste ontwikkel mede as gevolg van die gebrek aan eetlus en die vrees vir die „dooden-geest” wat in voedsel, afkomstig uit die sterfhuis, teenwoordig kan wees. Vaste dien ook as voorbereidende (reinigende) gebruik tot heilige handeling, profesie en boetedoening. Gesien in die kader van die dualistiese wêreldbeskouing, waarin die liggaamlike opgevat word as die „kwade” element, ontwikkel vaste tot 'n belangrike asketiese praktyk. Uit hierdie prinsipiële bespreking van vaste-gebruike val nuwe lig op Bybelse gegewens soos dié in Ex. 34: 28, Dt. 9: 9, I. Kon. 19: 8 (vgl. blsy. 184vv.). Wat die Nuwe Testament betref, sou die Godsdienswetenskap heel veel kon toelig in die voorstelling wat in Openbaringe aangetref word, maar dan sekerlik op meer verantwoorde wyse as wat Reitzenstein en Bousset dit doen. Op 'n godsdienswetenskaplike behandeling wag ook sulke religieuse motiewe as wat aangetref word in Hnd. 21: 23-26.

Die outeur laat die lig van sy wetenskap ook val op die selfverlossingsreligieë van Indië en bring helder navore die ooreenkoms tussen die griekse voorstelling van 'n „geboorte-wiel” en die buddhistiese „lewenswiel” (blsy. 261vv.).

Maar aangesien daar reeds op die verskyning van die eerste druk uitvoerige besprekinge gevolg het en die tweede druk op 'n paar toevoeginge na dieselfde stof bied, wil ons met hierdie paar opmerkinge volstaan. Die nuwe druk bied 'n tot-op-datum literatuuroopgaaf en kompenseer daarmee vir die ingekorte register.

Dis eintlik oorbodig om nog daarop te wys dat hierdie werk nie net vir die teologie nie, maar eweveel vir die volkekunde, die klassieke studie en die bantustiek van groot waarde is.

A. S. GEYSER.

Dr. S. P. Engelbrecht, Thomas François Burgers. A Biography. Firma J. H. de Bussy, Pretoria. 1946.

Oorspronklik in Afrikaans gepubliseer, het hierdie besondere stuk navorsingswerk ongeveer twaalf jaar gelede al groot opspraak verwek. Daar is toe reeds van verskillende kante gevra om 'n Engelse vertaling daarvan. Na die be-eindiging van die oorlog het dergelike versoeke ook uit Amerika gekom en terwyl publikasie moeilikhede nie langer in die weg gestaan het nie, is aan hierdie wens voldoen.

Die Engelse edisie, wat 'n getroue vertaling van die oorspronklike is, het 'n aanbevelingswoord voorin van die hand van Genl. J. C. Smuts, die Eerste Minister van Suid-Afrika, wat self ook 'n deeglike kenner is van die geskiedenis van die Republiek.

In bykans elke opsig het die ondersoekswerk van Prof. Engelbrecht tot verrassende resultate gelei. Histories onverantwoordbare beskouinge oor die persoon en werk van die vroeëre Staatspresident Burgers, beskouinge wat eenvoudig aanvaar is as juis, is met hierdie biografie vir goed die kop ingeslaan. Engelse propaganda uit die vorige eeu, wat alles daarby te wen gehad het om Burgers 'n swart rekord na te gee, was eerste oorsaak vir die onsimpatieke beskouing wat ontstaan het en die verlange om 'n sondebok te hê vir die staatkundige mislukkige in die sewentig jare van die vorige eeu, het hierdie opvatting van Burgers ook 'n aanneemlike gemaak vir die Afrikaner.

Die chaotiese toestand van die finansies, die gespanne grensverhoudinge en eindelijk die verlies van die onafhanklikheid aan die agent van die Britse Ryk, Shepstone, is alles ten laste van Burgers gelê. As versagende omstandighede vir die algemene veroordeling wat oor die man uitgespreek is, is aangevoer dat hy 'n idealistiese dromer was; dat hy sy tyd te ver vooruit was en dat uit die aard van sy persoonlikheid, sy presidentskap eintlik al vooruit gedoem was. Prof. Engelbrecht het uit die nagelate korrespondensie, Volksraadnotules en ander dokumente oortuigend aangetoon dat hierdie idealis wel deeglik ook praktiese staatsman en gebore diplomaat was; teen hom het die beste Engelse politici herhaaldelik die onderspit gedelf. Burgers was nie oorsaak van

die treurige toestande in Transvaal nie — hy het dit by die oornam van die presidentskap so gevind. En blykens sy voorgestelde konstitusionele wysiginge en herstel-program het hy die probleme reg gesien en reg aangepak. Hy wou en hy kon die katastrofe afwend. Maar sy volksraad, wat meer geluister het na sy politieke en kerklike vyande in die Kaap, het elkeen van sy pogings gesaboteer. Die bewys vir die korrektheid van sy veelbestrede herstelprogram, is die feit dat een van sy invloedrykste bestryders, Paul Kruger, later self die basiese elemente van die Burgersplan oorgeneem het. Burgers het nie die Republiek verongeluk nie; die Republiek het Burgers verongeluk.

Hierdie is in hooftrekke die slotsom waartoe Prof. Engelbrecht se ondersoekswerk ons lei. En elkeen van sy stellings is dokumentêr gestaaf. Hy het daar sekerlik in geslaag om 'n skewe beeld reg te trek en die eer van 'n wederregtelik belasterde figuur in ons vaderlandse geskiedenis te herstel.

Die natuurlik dramatiese elemente wat in die geskiedenis van Burgers aanwesig is en die pakkende vertel-trant van die outeur laat hierdie boek soos 'n roman lees. Die werk is in handige formaat gedruk en tipografies goed versorg. Grammatikale en drukfoute wat plek-plek voorkom, sal sekerlik by 'n eventuele herdruk uitgeskakel word. Ons wil hierdie biografie allerweë aanbeveel as een van die bekwaamste stukke ondersoekswerk wat in die afgelope twintigtal jare oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis verskyn het.

A. S. GEYSER.

Dr. R. Miedema, *De Bijbel in de beeldende kunst*. Servire, Den Haag, 1947. Prys ongeveer 6s.

In hierdie werkie, wat met 33 fraaie reproduksies versier is, gee die skrywer 'n inleiding op die beeldende kuns as vertolking van die Bybel. Al is sy Nederlands verre van onberispelik, tog weet hy ons te boei en sy entoesiasme aan ons mee te deel. As „Directeur van het Instituut voor religieuse en kerkelijke Kunst te Utrecht” spreek hy, soos mens kan verwag, oor hierdie onderwerp met kennis en liefde. Na volledigheid het hy in hierdie boekie van slegs 157 bladsye nie kon strewen nie, maar die leser vind hier tog 'n skat van informasie, wat hy nie so gemaklik op 'n ander plek sou kan kry nie.

Hier en daar sou dit moontlik gewees het, om meer verband tussen die teks en die illustrasies te bring. Dit is bv. nie duidelik nie, hoekom by p. 112–114, waar 'n vry uitvoerige bespreking van Rembrandtse skildery „die verlore seun” in die Ermitage te Leningrad gebied word, nie daardie werk, nie maar die vroeë ets van 1636 gereproduseer word. Netso laat p. 136 ons 'n deel van Roland Holst se Evangeliste-venster

sien, terwyl die teks dit slegs vlugtig noem, maar langer stilstaan by sy O.T.-venster (p. 139-143). Die beskrywing in woorde is mos 'n hulpmiddel by die bestudering van die illustrasies, nie 'n vervanging daarvan nie.

Op p. 82 en 83 het die byskrifte met mekaar van plek verwissel. Met die register het iets geheimsinnigs gebeur: amper geen enkele verwysing is korrek nie. Die datering van die tweede uitgawe van die Statenvertaling in 1657 (p. 147) sal wel 'n drukfout wees.

Onwillekeurig vra die leser in Afrika na die lektuur van hierdie boekie hom af, watter aanvullings op grond van die beeldende kuns in die Unie tot hierdie oorsig toegevoeg sou kan word. Dit lyk of die resultaat vrywel negatief sou wees. Die Afrikaanse skilderkuns is amper in sy geheel aan die landskap gewy, die beeldhoukuns aan die nasionale verlede. Des te meer is dit gewens, dat hierdie boekie onder die aandag van ons kerklike en kulturele leiders kom sodat ons oë oop mag gaan vir groot moontlikhede wat tot nou toe amper geheel verwaarloos is.

Maar ook afgesien daarvan kan die werk van Miedema aanbeveel word as 'n boekie wat die nie-vakgeleerde op 'n aantreklike manier touwys maak in hierdie belangwekkende stof en wat werd is om telkens weer ter hand geneem en deurgeblaai te word.

A. VAN SELMS.